

BORSLAPPIES OP HUL BESTE

hoeke om netjiese afwerking te verkry. Vou rafelrande na verkeerde kant om en vou dan bo langs borslap in. Stik deur al die lae. Werk bandjies stewig aan halsrand vas.

3. BORSLAP MET APPLIEKMOTIEF

BENODIGHEDE: *Pingouin Nr. 5, 70 g beige en 25 g blou; hekelpen van 2 mm; bedrukte lappies vir appliekmotiewe; by-passende garing.*

AFKORTINGS: Soos eerste borslap.

AANWYSINGS: **Beginry:** Met beige hekel 60 ks.

Hekel voort in dieselfde pat as 1e borslap tot werk 18 cm lank is.

Verdeel vir halsopening deur op die eerste 19 ste voort te hekel, in pat, vermin 1 st aan halsrand in alt rye, 5 keer; 20 ste in middel bly ongewerk.

Hekel dan voort tot werk 22 cm lank is. Knip garing af. Voltooi tweede helfte in ooreenstemming, al die vormings omgekeerd, en hekel 1 ry gs oor borande en halsrand om af te werk.

Bandjies: Heg garing aan halsrand vas en hekel 26 ks, keer terug met 1 gs in elke ks. Maak tweede bandjie op dieselfde manier.

OMRANDING: Met blou hekel 1 kb in elke st van sy- en onderste rand en hekel 3 kb in elke hoek.

2e ry: 2 kb in agterste ls van elke kb, (2 kb, 3 ks, 2 kb) in elke hoek. Herh 2e ry nog 9 keer. Knip garing af.

Knip siermotiewe uit oorskietmateriaal en stik met masjien vas, of werk met die hand in knoopsgatsteek vas.

4. BORSLAP MET GEHEKELDE RAND

BENODIGHEDE: 30 g *Pingouin Nr. 5; hekelpen van 2 mm; 25 x 42 cm materiaal vir middel van borslap; 25 x 18 cm handdoekstof; by-passende garing.*

AANWYSINGS: Knip 2 stroke materiaal vir bandjies, 3 x 25 cm, Vou rafelrande na verkeerde kant om, vou bandjies oorlangs dubbel en stik, werk ook een punt af.

Knip materiaal in 2 pante van 25 x 21 cm en plaas handdoekstof daartussen met regte kante van materiaal aan buitekante. Vou rafelrande na binne om rondom sykante en onderste rand en stik vas. Knip 'n halfsirkel uit boonste rand vir halsrand, vou soom na binne by boonste punte en om uitgeknipte borslap. Stik vas. Stik vertikale lyne oor borslap. Werk bandjies stewig aan halsrand vas.

GEHEKELDE RAND: **Beginry:** 166 ks.

1e ry: 2 ks vir 1e kb, 61 kb, 3 ks (vir hoek) 42 kb, 3 ks (vir 2e hoek), 62 kb.

2e ry: Soos 1e ry, maar met (2 kb, 3 ks, 2 kb) in elke hoek.

3e ry: 64 kb, (2 kb, 3 ks, 2 kb) in 1e hoek, 46 kb, (2 kb, 3 ks, 2 kb) in 2e hoek, 64 kb.

Herh nog 11 keer, met vermeerderinge soos gestel. Knip garing af en werk rand netjies aan borslap vas.



1. OMGEBOORDE BORSLAP

BENODIGHEDE: 50 g *Pingouin Nr. 5; hekelpen van 2,50 mm; 2 klein stukkie materiaal met verskillende ontwerpe vir randstrook.*

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; gs – glipsteek; st(e) – steek(steke); herh – herhaal; vlg – volgende; beg – begin; vermin – verminder; ls(e) – lus(lusse); pat – patroon.

AANWYSINGS: **Beginry:** 46 ks.

1e ry: 1 kb in 3e ks vanaf hekelpen, 1 kb in elke ks tot einde.

2e en 3e ry: 2 ks vir 1e kb, 1 kb in elke kb tot einde.

4e ry: 2 ks vir 1e kb, *steek pen in 3e kb van 1e ry, trek lang ls uit, draai garing om hekelpen, steek pen weer in 3e kb van 1e ry, trek nog 'n lang ls uit, trek draad dan deur al die ste op pen, 1 kb in vlg kb. Herh van * tot einde.

5e en 6e ry: kb.

7e ry: 2 ks vir 1e kb, 1 kb in vlg kb, *steek pen in kb tussen lang ls van 4e ry en trek 'n lang ls uit, slaan draad om pen, steek pen weer in dieselfde kb en trek weer 'n lang ls uit, trek draad deur al die ste op pen, 1 kb. Herh van * tot einde.

Die **2e tot 7e ry** vorm die pat en word herh tot werk 15 cm lank is.

Hekel nou eerste skouer oor eerste 14 ste. Hekel in pat en vermin 1 st aan halsrand elke alt ry tot al die ste afgewerk is. Voltooi

tweede skouer in ooreenstemming met eerste, al die vormings omgekeerd — 16 ste in middel bly ongewerk.

Bandjies: Hekel 26 ks, werk terug met 1 gs in elke ks tot einde. Knip randstroke uit materiaal om rondom borslap te pas. Boor eers netjies met een soort om, dan met tweede, soos op foto gesien kan word.

2. BORSLAP MET DEURSTIKWERK

BENODIGHEDE: *Sterk wasbare materiaal van 24x45 cm vir middel van borslap en 12x80 cm materiaal vir randstrook; 27x25 cm handdoekstof; by-passende garing.*

AANWYSINGS: Knip 2 stroke materiaal van 3 x 25 cm vir bandjies. Vou rafelrande oorlangs na verkeerde kant om en vou dan oorlangs dubbel. Vou een kort kant na verkeerde kant om en stik al langs lang rand en oor kort rand vas. Knip materiaal vir middelste deel van borslap dubbel, 22 x 24 cm, plaas handdoekstof tussen borslappante sodat dit 3 cm aan onderkant en sykante uitsteek.

Speld en ryg vas en knip dan 'n halfsirkel by boonste rand vir hals uit, vou rafelrande om borslap en uitgeknipte halsrand na verkeerde kant om en stik vas. Stik dan skuins oor drie lae materiaal soos op foto.

Vou materiaal vir randstrook oorlangs dubbel (6 x 80 cm) en plaas oor handdoekstof wat rondom rand uitsteek sodat dit geheel en al bedek is. Verstek materiaal by onderste